


## PLAASLIKE NUUS | LOCAL NEWS


### Beheer rooijakkals nou, voor hulle ouer raak

Terwyl ons die nuwe jaar inbeweeg, broei 'n gedaanteverwisseling in die siklus van die rooijakkals waarvan wolprodusente indringend moet kennis neem.

Die nuwe aanteel van die rooijakkals nader 'n wisselstadium waar jong jakkalsies aan die einde van Januarie 2026 'n groot populasie-ontploffing gaan meebring – dit is wanneer hulle op soek sal wees na nuwe tuisgebiede. Uit 'n bestuursoogpunt moet boere gebruik maak van die geleentheid om die jakkalse binne hul huidige werpselverband te beheer, aangesien hulle steeds naby kernareas beweeg en geredelik by waterpunte voorkom. Hier kan gebruik gemaak word van die dodelike roep-en-skiet beheermetode.

Dit is nou baie belangrik om meer as die normale aandag te skenk aan lyn-, jakkalsproef- en kragdrade sodat jy, wanneer daardie ontploffing plaasvind, verspreiding tussen jou eie en jou buurman se plaas kan stopsit en beheer, of andersom.

*Bron: PMSA-nuusbrief, Desember 2021.*



### Roofdierstryd op 'n mespunt

Die Desember-uitgawe van *Landbouweekblad* bevat 'n artikel waarin roofdiernavorser, Niël Viljoen, sy kommer deel oor predasie wat krisisafmetings aanneem. Sy magdom kennis wat oor 'n tydperk van 33 jaar verwerf is, versterk die aannames wat hy maak asook sy siening oor waarom die rooijakkalsprobleem steeds toeneem.



Lees die volledige artikel hier.

### Predasie en tegnologie

*Landbouweekblad* het ook by dr Beanélri Janecke van die Predasiebestuursentrum aan die Universiteit van die Vrystaat, gaan kers opsteek oor die belangrikheid van 'n noukeurige roofdierbestuursplan en goeie rekordhouding. Volgens haar moet so 'n plan gereeld hersien word en sluit onder meer in:

- Die tipe bestuursmetode wat vir 'n sekere tydperk gebruik gaan word.
- Die koste verbonde aan daardie metode.
- Vir watter tydperk dit gebruik gaan word.
- Hoeveel diereverliese daar in daardie tydperk was.
- Die beplande volgende metode of kombinasie van metodes om afwisseling mee te bring. Dit help om die metode elke drie weke af te wissel en metodes te kombineer.
- Die seisoen en tyd van die jaar (wanneer roofdiere kleintjies kry of wanneer natuurlike prooi begin afneem).
- Die lam- of kalftyd van die vee.
- Die verskuiwing van vee na kampe met minder roofdieraktiwiteit.

Die artikel is ook by hierdie skakel beskikbaar: https://www.landbou.com/jongste-tydskrif/roofdier-stryd-op-n-mespunt-20251211-0743

## INTERNASIONALE NUUS | INTERNATIONAL NEWS

### Guard dogs protect flocks with 10 dogs for every 3 200 sheep



Livestock guardian dogs are working dogs that stay with the herd day and night, defending it from predators. Today, they are seen as one of the most effective and non-lethal tools for protecting livestock and wildlife. The detail that stands out the most is that they don't function like herding dogs. Instead of herding or driving the flock, these dogs integrate into the group as if they were part of the family, and this bond completely changes the dynamics of protection.

Click here to read the complete news report.

### Congressman advocates for single lethal-dose baits to combat predation of sheep and goats



WASHINGTON, DC – Congressman August Pfluger recently sent a letter to the Environmental Protection Agency (EPA), administrator Lee Zeldin, and the United States Department of Agriculture's (USDA) Animal and Plant Health Inspection Service (APHIS) administrator, Dr Michael Waston, requesting the agencies to join forces to address escalating livestock predation threatening sheep and goat producers. The letter specifically asks the agencies to explore registering and deploying single-lethal-dose (SLD) baits, similar to M-44 sodium cyanide ejector devices, which are proven predator control tools.

Predation of livestock by coyotes, foxes, and other species has reached alarming levels nationwide. Two decades ago, there were nearly twice as many sheep and goats in Texas as there are currently. This issue has forced many producers out of business, adversely affecting rural economies and threatening the sustainability of American sheep and goat production. SLD baits would be a crucial tool in aiding producers to protect their livestock from predators, saving millions of dollars.

Click here to read the congressman's letter and the background to his request.

*The **PMSA Newsletter** is made possible by the Red Meat Statutory Levy administered by RMIS.*